

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

JAARBOEK

FAKULTEIT
EKONOMIESE EN
BESTUURSWETENSKAPPE

2007



*

Dekaan:

Prof. M.J. (Tienie) Crous

Flippie Groenewoudgebou 171

Telefoonnommer: (051) 401-2310

INHOUD

Akademiese Personeel	5
Algemene oriëntering	9

I. EERSTE BACCALAUREUSGRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

Onderrigprogram in Privaatsektorbestuur

Baccalaureus Commercii (Aktuariële Wetenskap).....	25
Baccalaureus Commercii (Algemene Bestuur).....	27
Baccalaureus Commercii (Bankwese).....	29
Baccalaureus Commercii (Bemarking).....	31
Baccalaureus Commercii (Ekonomie).....	33
Baccalaureus Commercii (Finansiële Bestuur).....	35
Baccalaureus Commercii (Finansiële Joernalistiek).....	37
Baccalaureus Commercii (Finansiële Wiskunde).....	39
Baccalaureus Commercii (Inligtingstegnologie).....	41
Baccalaureus Commercii (Landbou-ekonomie).....	43
Baccalaureus Commercii (Menslike Hulpbronbestuur).....	45
Baccalaureus Commercii (Regte).....	48
Baccalaureus Commercii (Risikobestuur).....	50
Baccalaureus Commercii (Sportbestuur).....	52
Baccalaureus Commercii (Statistiek).....	54
Baccalaureus Commercii (Toerismebestuur).....	56
Baccalaureus Commercii 4 jaar-kurrikulum.....	58

Onderrigprogram in Openbare Sektor Bestuur

Baccalaureus Administrationis.....	63
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Algemene Bestuur).....	65
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Ekonomiese Beleid).....	67
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Menslike Hulpbronbestuur).....	69
Baccalaureus in Openbare Bestuur (Rekeningkunde).....	71
Diploma in Openbare Sektor Bestuur.....	73
Sertifikaat in Openbare Sektor Bestuur.....	73

Onderrigprogram in Rekenmeestersopleiding

Baccalaureus Rekeningkunde.....	78
Baccalaureus Commercii (Rekeningkunde).....	81
Baccalaureus Commercii (Bestuursrekeningkunde).....	83

II. NAGRAADSE STUDIERIGTINGS

Honneursbaccalaureusgrade

Fakulteitsregulasies, -inligting en oorgangsregulasies, voorvereistes.....	85
---	----

Kurrikulums

Dissiplinehonneursgrade

Bedryfsielkunde.....	89
Ekonomie.....	90
Ondernemingsbestuur.....	100
Openbare Bestuur.....	101
Rekeningkunde.....	103

Temagerigte honneursgrade	
B.Com. Hons. (Aktuariële Wetenskap).....	104
B.Com. Hons. (Bemarking).....	105
B.Econ. Hons. (Bemarking).....	105
B.P.L. Hons. (Bemarking).....	105
Magistergrade	
Fakulteitsregulasies, -inligting en oorgangsregulasies.....	107
Kurrikulums	
Bedryfsielkunde.....	109
Ekonomie.....	110
Ondernemingsbestuur.....	116
Openbare Bestuur.....	117
Rekeningkunde (M.Com.).....	117
Rekeningkunde (M.Rek./M.Compt.).....	117
M.P.A.....	118
Doktorsgrade	121
Gevorderde en Nagraadse Diplomas	123
Gevordede Diploma in Publieke Adminstrasie.....	123
Nagraadse Diploma in Belastingstrategie en –bestuur.....	124
III. SILLABUSSE	126

AKADEMIESE PERSONEEL

DEKAAN Prof. M.J. Crous

PROGRAMDIREKTEURE

Privaatsektorbestuur: Vakant
Openbare sektor bestuur: Prof. H.J. Kroukamp
Rekenmeestersopleiding: Prof. H.A. van Wyk

BEDRYFSIELKUNDE

Departementele
voorsitter: Prof. E.S. van Zyl
Professor: Prof. C.L. Bester
Mede-professor: Prof. M. Kotzé
Senior lektor: Dr. L. Griessel
Lektore: Me. E. Boshoff
Dr. C. Pienaar
Junior lektore: Mev. R. Kleynhans
Mnr. L. Markham

EKONOMIE

Departementele
voorsitter: Prof. P. Burger
Professore: Prof. F. le R. Booysen
Prof. A.E. Loots
Prof. G.M. Wessels
Prof. F.C. van N. Fourie (deeltyds)
Senior lektor: Dr. J.A. de Beer
Lektore: Mnr. J. Coetzee
Mnr. J-P. Geldenhuys
Mev. L. Janse van Rensburg
Mnr. N. Keyser
Mej. K. Kitching
Mej. M. Marinkov
Dr. K. Thomas
Mnr. A. Pool
Mnr. I. van der Merwe
Mnr. A. van Niekerk

Buitengewone hoogleraars:	Prof. A. Bhargava Prof. P.A. Hawkins Prof. D. McCloskey Prof. H.F. Nel Prof. C.S.W. Torr
Besoekende dosent:	Me. M. Govender

ONDERNEMINGSBESTUUR

Departementele voorsitter:	Prof. R.B. van Buuren
Professore:	Prof. A.v.A. Smit Prof. W.J.C. van der Merwe
Mede-professor:	Prof. J.A.A. Lazenby
Senior lektor	Dr. J.O. Lotz
Lektore:	Mnr. J. Nel Mnr. J.M. Oliver Mev. N.M. Rammile
Junior lektore:	Mev. K. Booysen Mej. R. Mentz

OPENBARE BESTUUR

Departementele voorsitter:	Prof. A.M. Sindane
Professore:	Prof. J.C.O. Bekker Prof. H.J. Kroukamp
Senior lektor:	Dr. L. Lues
Lektore:	Mnr. L.M. du Plessis Mnr. N.B. Gumede Me. N. Sigadi
Buitengewone hoogleraar:	Prof. C. Kapp
Ere-professor:	Prof. B. Soobrayan
Besoekende professor	Prof. H. Van Dyk-Robertson

SENTRUM VIR

REKENINGKUNDE

Voorsitter van die Sentrum:	Prof. P.M. Britz
Professore:	Prof. D.S. Lubbe Prof. H.A. van Wyk
Mede-professore:	Prof. A. Koekemoer

Senior lektore:	Prof. J. Rossouw Mev. L. Bruwer Mej. C. Crous Mev. J. Lamprecht Mev. C. Malan Mev. J.F. Prinsloo Mev. E. Raubenheimer Mnr. W. Smit Mnr. J. Swanepoel Mev. J.H. van Wyk Mnr. S. Watson
Lektor:	Mnr. H.G. Holtzhausen Mev. H. Joubert Mnr. C. Takum-Mazu Mnr. S. Ward
Program-koördineerder:	Mnr. K. Wiesner
Buitengewone hoogleraars:	Prof. C.P. Hattingh Prof. S. Khana

BESTUURSKOOL

Direkteur:	Prof. H. van Zyl
Programdirekteur MBA	Prof. H. van Zyl
Programdirekteur BML program	Prof. H. van Zyl
Programdirekteur Sertifikaatprogramme	Mnr. D.F. Jacobs

SENTRUM VIR BESIGHEIDSDINAMIKA

Bestuurder:	Mnr. D.F. Jacobs
-------------	------------------

SENTRUM VIR ONTWIKKELINGSTEUN (CDS)

Direkteur:	Prof. L.J.S. Botes
Senior Lektor-navorser	Mnr. W. Schmidt
Lektor-navorser:	Dr. L. Marais
Junior navorser:	Mev. D. van Rooyen
Assistent-navorsers:	Me. K. Sigenu Me. A. Venter
Program-koördineerder:	Mev. D. Olivier

EENHEID VIR KLEINSAKEONTWIKKELING (EKSO)

Uitvoerende voorsitter:	Vakant
-------------------------	--------

AFGRI-NAVORSINGSEENHEID VIR SAKE-ETIEK

Hoof:	Prof. D.S. Lubbe
-------	------------------

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Dekaansekretaresse:	Mev. M. Coetzee
Fakulteitsbestuurder:	Mev. E.S. du Preez
Bestuurder: Onderrig en Leer:	Mev. L. Massyn
Navorsingskoördineerder:	Mev. I. du Plooy
Samelewingsdienskoördineerder	Mev. M.N. Ndlovu
Skakelbeampte:	Mev. E. I. Verster
Bode:	Mnr. P. Smith
Fakulteitsbeampes:	
Privaatsektorbestuur:	Mnr. T.O.Z. Moeng Studente-Administrasie George du Toit-administrasiegebou 140 Telefoon: 051-4012481 E-pos: moeng.rd@mail.uovs.ac.za
Openbare Sektor Bestuur en Rekenmeestersopleiding:	Mej. D. Van Loggerenberg Studente-Administrasie George du Toit-administrasiegebou 164 Telefoon: 051-4013614 E-pos: loggerd.rd@mail.uovs.ac.za

KONTAKBESONDERHEDE

Fisiese adres:	Flippie Groenewoudgebou 171
Posadres:	Interne Posbus 11 Universiteit van die Vrystaat Posbus 339 9300 Bloemfontein
E-pos:	dean.ekw@mail.uovs.ac.za
Faks:	051-4445465
Telefoon:	051-4012173

Web-adres: <http://www.uovs.ac.za/ekon>

24-uur-info-lyn: 082-7475750

ALGEMENE ORIËTERING

Hierdie deel van die Jaarboek van die Universiteit van die Vrystaat sit die regulasies ten opsigte van die kwalifikasies en studieprogramme in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe uiteen. Daar word onderskei tussen voorgraadse studie (eerste baccalaureusgrade, diplomas en sertifikate) en nagraadse studie (honneurs-, magister- en doktorsgrade, asook gevorderde en nagraadse diplomas).

FAKULTEITS- EN ALGEMENE REGULASIES

Vir al die verskillende grade en opsies geld 'n aantal regulasies. Twee tipes regulasies is ter sake:

Algemene regulasies van die Universiteit, wat op alle Fakulteite van toepassing is, en gevolglik ook op die kwalifikasies en programme van hierdie Fakulteit. Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies ten opsigte van baccalaureusgrade dus van toepassing op die grade wat hier uiteengesit word.

Die algemene regulasies is in Deel 1 van die Universiteit se Jaarboek, en handel met belangrike kwessies soos die volgende:

- Toelating tot die universiteit, tot graad- en diplomastudie, en tot geleentheidstudie (losstaande modules).
- Registrasie as student; modulewysigings; gelyktydige registrasie; modulesamestelling; duur van studie; voorvereistes; erkenning van modulesse aan 'n ander instelling geslaag; ens.
- Semester- en jaarsyfers; slaagvereistes; grade met lof; hertoelating en stuiting van studente; herassessering; spesiale eksamens; eksamenlokaalvoorskrifte; verkeerd lees van eksamenrooster; uitslae en puntestate; ens.

Fakulteitsregulasies, wat spesifiek vir die graad- en ander programme van hierdie Fakulteit geld, en in hierdie publikasie uiteengesit word.

Die verantwoordelikheid om op hoogte van die algemene regulasies asook die fakulteitsregulasies te wees, berus geheel en al by die student.

EERSTE BACCALAUREUSGRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

INLIGTING

Die eerste baccalaureusgrade in hierdie Fakulteit is daarop gemik om studente deur wetenskap-gefundeerde onderrig en leer intellektueel te ontwikkel sodat hulle deeglik voorberei word vir verskeie loopbane in die breë veld van Ekonomie en Bestuur. Dit sluit in loopbane in die privaatsektor, sekere professies, die owerheidsektor, asook sekondêre en hoër onderwys. Nagraadse studierigtings is beskikbaar vir gevorderde voorbereiding vir sulke loopbane.

Studente kan eerste graadkwalifikasies behaal in een van drie onderrig-programme:

Privaatsektorbestuur
Openbare Sektor Bestuur
Rekenmeestersopleiding

In die drie onderrigprogramme word 'n aantal eerste baccalaureusgrade in die Fakulteit toegeken (kyk tabel hieronder). In elk van hierdie programme kan gespesialiseer word in bepaalde rigtings (sulke sub-programme word in hakies aangedui na die graadnaam).

Naas die grade word ook 'n sertifikaat en diploma in openbare sektor bestuur aangebied. Hierdie sertifikaat en diploma is bedoel vir studente wat nie die B.Admin. of enige B.Pub.-graad suksesvol voltooi nie. Dit bied dus 'n uitteerpunt vir die student wat hom of haar steeds 'n kwalifikasie gee wat in die arbeidsmark gebruik kan word. Tipies kan 'n student 'n sertifikaat verkry na suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar van die B.Admin. of B.Pub.-graad, of 'n diploma na suksesvolle voltooiing van die eerste twee studiejaar van die betrokke graad.

Nagraadse studie is beskikbaar vir iemand wat verder wil studeer in 'n bepaalde rigting nadat 'n baccalaureusgraad behaal is.

'n Beskrywing van die verskillende modules in die Fakulteit word in die hoofstuk "Syllabusse" aangebied.

Privaatsektorbestuur	Minimum tydperk	Afkorting van graad	Studie- kode
Baccalaureus Commercii (verskeie rigtings):		B.Com.	
Aktuariële Wetenskap	3 jaar		6324
Algemene Bestuur	3 jaar		6301
Bankwese	3 jaar		6303
Bemarking	3 jaar		6305
Ekonomie	3 jaar		6302
Finansiële Bestuur	3 jaar		6306
Finansiële Joernalistiek	3 jaar		6312
Finansiële Wiskunde	3 jaar		6326
Inligtingstegnologie	3 jaar		6308
Landbou-ekonomie	3 jaar		6323
Menslike Hulpbronbestuur	3 jaar		6304
Regte	3 jaar		6309
Risikobestuur	3 jaar		6325
Sportbestuur	3 jaar		6311
Statistiek	3 jaar		6307
Toerismebestuur	3 jaar		6333
Baccalaureus Commercii 4 jaar-kurrikulum	4 jaar		6338
Openbare Sektor Bestuur			
Baccalaureus Administrationis	3 jaar	B.Admin.	6310
Baccalaureus in Openbare Bestuur (verskeie rigtings):		B.Pub.	
Algemene Bestuur	3 jaar		6314
Ekonomiese Beleid	3 jaar		6315
Menslike Hulpbronbestuur	3 jaar		6316
Rekeningkunde	3 jaar		6318
Diploma in Openbare Sektor Bestuur	2 jaar		6090
Sertifikaat in Openbare	1 jaar		6010
Rekenmeestersopleiding			
Baccalaureus in Rekeningkunde	3 jaar	B.Rek.	6319
Baccalaureus Commercii (verskeie rigtings):		B.Com.	
Rekeningkunde	3 jaar		6321
Bestuursrekeningkunde	3 jaar		6322

Studente wat 'n voltydse beroep beoefen, word aangeraai om graadstudie wat oor drie jaar strek, oor vier jaar (agt semesters) te versprei, met 'n maksimum van vier modulese in elke semester van die eerste en tweede jaar.

REGULASIES

FAKULTEITSTOELATINGSVEREISTES

Algemene toelatingsvereistes vir die Fakulteit

Benewens die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot die universiteit (algemene regulasie A1) en toelating tot graadstudie (algemene regulasie A2), geld die volgende spesifieke vereistes vir toelating tot studie in hierdie Fakulteit:

Graad	Graad 12 kwalifikasie
B.Com. (Algemene Bestuur) B.Com. (Bankwese) B.Com. (Bemarking) B.Com. (Ekonomie) B.Com. (Finansiële Bestuur) B.Com. (Finansiële Joernalistiek) B.Com. (Landbou-Ekonomie) B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur) B.Com. (Risikobestuur) B.Com. (Statistiek) B.Com. (Sportbestuur) B.Com. (Toerismebestuur).	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool *
B.Com. (Aktuariële Wetenskap)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG)
B.Com. (Finansiële Wiskunde)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG)
B.Com. (Inligtingstechnologie)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool * • 'n Groototaal van minstens 1200 in Graad 12

B.Com. (Regte)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool* plus • Minstens 'n C-simbool in Afrikaans (HG) of Engels (HG)
B.Com. 4-jaar Kurrikulum	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling 24 - 27, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*
B.Admin.	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër
B.Pub. (Algemene Bestuur) B.Pub. (Ekonomiese Beleid) B.Pub. (Rekeningkunde) B.Pub. (Menslike Hulpbronbestuur)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*
B.Com. (Rekeningkunde) B.Com. (Bestuursrekeningkunde)	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool*
B.Rek.	• Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • 'n Groototaal van minstens 1260, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n A-simbool, plus • Graad 12 Rekeningkunde (SG) minstens met 'n A-simbool of • Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • 'n Groototaal van minstens

	1260, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër, plus • Graad 12 Rekeningkunde (SG) minstens met 'n A-simbool of • Graad 12 Sertifikaat met endossement, plus • 'n Groototaal van minstens 1260, plus • M-telling van 28 en hoër, plus • Graad 12 Wiskunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër, plus • Graad 12 Rekeningkunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër
--	--

*Vir iemand wat nie Wiskunde op hierdie vlak geslaag het nie, is daar egter 'n paar alternatiewe roetes om toegang te verleen:

Alternatief 1: Slaag vooraf 'n gelykwaardige module in Wiskunde by hierdie of 'n ander opvoedkundige inrigting, en doen dan aansoek by die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, vir toelating.

Alternatief 2: Volg 'n graad 12-ekwivalente Wiskundemodule en registreer gelyktydig daarmee vir *geleentheidstudie* aan die UV (algemene regulasie A4) en volg so sekere losstaande modules in die Fakulteit sonder om formeel vir 'n graad te registreer. Nadat die Wiskundemodule of ekwivalent geslaag is, kan aansoek gedoen word vir formele toelating tot graadstudie *asook* vir krediet vir die modules wat reeds met geleentheidstudie geslaag is. Eerstejaarsmodules wat via geleentheidstudie geneem mag word alvorens aan die Wiskunde-vereiste voldoen is, is:

OBS244 en OBS134	AFP132 en AFP122
ORG114 en HUM124	EBE112 en EBE122
REK114 en REK124	STK114 en STK124

As ekwivalente module vir Wiskunde (SG) C-simbool, sal die volgende aanvaar word:

- (a) Statistiek op eerstejaarsvlak (bv. STK114 en STK124)
- (b) Basiese Wiskunde (WTW154).^{**}
- (c) 'n Graad 12-vlak of hoër Wiskundemodule aan 'n ander opvoedkundige inrigting, bv. 'n Universiteit van Tegnologie.

^{**} Indien WTW154 geslaag word sal dit nie as deel van die B.Com-kurrikulum geld nie.

Opsies (a) en (b) moet uiteraard ook via geleentheidstudie geneem word. Aangesien Statistiek 'n verpligte MODULE in die eerste jaar van die meeste grade is, is dit waarskynlik die beste om (b) te kies indien moontlik. Andersins is dit beter om eers 'n graad 12-vlak module in Wiskunde te voltooi.

Bykomende toelatingsvereistes vir sekere modules

Die volgende toelatingsvereistes geld vir sekere modules:

1. Ekonomie: (EKN114 en EKN124): Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan 'n gelykwaardige module (Wiskundige of Statistiese rigting), ook toelating verleen.
2. Ondernemingsbestuur (OBS234 en OBS364): Graad 12 Wiskunde (SG) minstens met 'n C-simbool. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan 'n gelykwaardige module (Wiskunde of Statistiek), ook toelating verleen.
3. Finansiële Rekeningkunde (FIN114 en FIN 124): Graad 12 Rekeningkunde.
4. Rekenaargeletterdheid (BRS 111):
 - a) Studente wat Rekenaarstudie in Graad 12 geslaag het met 'n D-simbool (HG) of 'n C-simbool (SG) word vrygestel van BRS111.
 - b) Alle ander studente registreer vir BRS111 en het die keuse om 'n 'n kwalifiserende toets af te lê. Indien 65 % of meer in hierdie toets behaal word, is daar die volgende opsies:
 - i) Indien die student kan bewys lewer dat hy/sy ander toepaslike rekenaarmodules geslaag het, word algehele vrystelling vir BRS111 verleen.

- ii) Indien die student geen sodanige rekenaarmodules vooraf geslaag het nie, bly hy/sy geregistreer vir BRS 111, maar verkry vrystelling van klasse en die kwalifiserende toetspunt dien as promoveringspunt.
- 5. Rekenaarinligtingstelsels: (RIS134)
Studente wat Rekenaarstudie in Graad 12 (HG) geslaag het, kan 'n kwalifiserende toets skryf. Indien 65% en meer in hierdie toets behaal word, word algehele vrystelling vir RIS134 verleen.

RIGTINGVERANDERING BINNE PROGRAMME

Studente kan slegs twee keer van rigting binne die Program vir Privaatsektorbestuur verander. Slegs in uitsonderlike gevalle sal 'n student met die goedkeuring van die Dekaan en die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur, toegelaat word om 'n derde keer van rigting te verander.

VOLGORDE VAN MODULES EN VOORVEREISTES

Tensy daar spesifieke voorvereistes vir 'n module gestel word soos in die lys hieronder, is alle modules in hierdie Fakulteit selfstandige semester- of jaarmodules wat in enige volgorde en sonder voorvereistes gevolg kan word. (Voorvereistes vir modules wat nie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word nie, verskyn in die Algemene Regulasies in die Jaarboek (Deel I) of in die Jaarboeke van die betrokke Fakulteite).

- Onthou die *toelatingsvereistes* vir die modules hierbo.

MODULE	KODE	VOORVEREISTES
Aktuariële Wetenskap	ATW216 en ATW226	WTW114 en WTW124 of (WTW134 en WTW144) en (WKS114 en WKS124)
Belasting	BEL308, BLS308	BLS208 BLS208
Bestuursrekeningkunde	BRF308	BRF214
Ekonomie	EKN114	Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool), of WTW154, of STK114 en STK124
	EKN124	Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool), of WTW154, of STK114 en STK124
	EKN214	EKN114, of EBN114 en EBN124 met 'n 60% gesamentlike gemiddeld geslaag
	EKN224	EKN124, of EBN114 en EBN124 met 'n 60% gesamentlike gemiddeld geslaag

	EKN314	EKN114 en EKN124, of EBN114 en EBN124 met 'n gesamentlike gemiddeld van 60 % geslaag
	EKN324	EKN114 en EKN124, of EBN114 en EBN124 met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag
Ekonomie	EKT324	EKN224 met 'n slaagsyfer van minstens 60%
Finansiële Rekeningkunde	FIN114	Graad 12 Rekeningkunde.
	FIN124	FIN114 of REK114 met 'n slaagsyfer van ten minste 60%.
Finansiële Rekeningkunde	FIN208	FIN114 (of REK114 met 'n slaagsyfer van 60%) en FIN124.
	FIN308	FIN208
Geld- en Bankwese	GEB214	EKN114 en EKN124, of EBN114 en EBN124 met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag
	GEB224	EKN114 en EKN124, of EBN114 en EBN124 met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag.
	GEB314	EKN114 en EKN124, of EBN114 en EBN124 met gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag
	GEB324	EKN114 en EKN124, of EBN114 en EBN124 met gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag
Internet Bemaking	IBM314	Toegang tot die Internet is 'n vereiste
Ondernemingsbestuur	OBS234	Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool) of STK114 en STK124

	OBS364	Graad 12 Wiskunde SG (minstens C-simbool) of STK114 en STK124
Ouditkunde	ODT214	FIN114 en FIN124 of REK114 en REK124
	ODT224	FIN114 en FIN124 of REK114 en REK124
	ODT308	ODT214 of ODT224
Rekenaar-geletterdheid	RIS121	BRS111 of RKG131 of RKG141
Rekeningkunde	REK204	REK114 of REK124 of FIN114 of FIN124
	REK308	REK204 of FIN208

Aktuariële Wetenskap Rekenarinligtingstelsels Rekenaargeletterdheid Rekenaarwiskunde Risikobestuur Statistiek Toegepaste Wiskunde Wiskunde Wiskundige Statistiek	Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
--	---

Voorvereistes by B.Com.(Landbou-Ekonomie):

MODULE	Voorvereiste	Module	Voorvereiste
LEK214	LEK124	LEK414	LEK224 en BMT124 of LWL111 en BRS111
LEK224	LEK124	LEK424	LEK124
LEK314	LEK124	LEK434	LEK124 en LEK214
LEK324	LEK124, LEK314 en BMT124 of LWL111 en BRS111	LEK444	LEK124
		LEK461	LEK124

KODE-/MODULEWYSIGINGS: EKWIVALENTE MODULES

OORGANGSMAATREËLS

- Grade wat nie meer in die Jaarboek verskyn nie, naamlik B.Econ., B.P.L. en B.Compt., kan normaalweg voltooi word deur reeds ingeskrewe studente. Studente kan die oorspronklike kurrikulums met ekwivalente modules voltooi mits die graadmodule nie onderbreek is nie.
- 'n Student kan, in oorleg met die Registrateur: Studente-administrasie, oorskakel na enige van die nuwe grade van die Fakulteit soos in hierdie Jaarboek vervat. Studente moet hulle huidige krediete met die nuwe kurrikulum vergelyk en die ontbrekende modules volg.
- Finansiële Rekeningkunde (FIN) kan in die plek van Rekeningkunde gekies word deur B.Com.-studente wat dit oorweeg om later oor te skakel na die graad B.Rek. Daar moet egter aan die toelatingsvereistes vir FIN114 en FIN124 voldoen word. Finansiële Rekeningkunde (FIN) is verpligtend vir die B.Rek.-graad. (Dit is vir diegene wat 'n Geoktrooieerde Rekenmeester wil word.) Die moeilikheidsgraad van die FIN-modules is hoër en die omvang wyer as die van Rekeningkunde (REK).

VOORVEREISTES VIR MODULES IN ANDER FAKULTEITE

- Die voorvereiste wat vir BKT232, BKC212, BKJ212 en BKJ232 geld, is nie van toepassing op studente wat vir B.Com. (Bemarking), B.Com. (Sportbestuur) en B.Com. (Finansiële Joernalistiek) registreer nie.
- Let op die voorvereistes vir Bedryfskommunikasie, Departement Kommunikasie- en Inligtingstudie. (Jaarboek van Fakulteit Geesteswetenskappe).

STUDENTE SE AANDAG WORD OP ALGEMENE REGULASIE A15 (f) EN (g) GEVESTIG

- Studente in hul finale jaar wat hul studies na aflegging van die Junie-eksamen moet verleng as gevolg van druipe in 'n enkele module tydens die Junie-eksamen sonder verrekening van die Novembereksamen wat nog afgelê moet word, word ongeag enige bepalings tot die tweede eksamen-eenheid in Julie toegelaat.
- Studente in hul finale semester wat hul studie na aflegging van die Novembereksamen moet verleng as gevolg van 'n druipe in 'n enkele module tydens die Novembereksamen, word ongeag enige bepalings tot die tweede eksamen-eenheid in Januarie toegelaat.

Algemene Inligting

Kwalifikasies in Privaatsektorbestuur kan in verskeie rigtings behaal word. Dit word almal geakkommodeer binne die graad *Baccalaureus Commercii* of B.Com. Hierdie is 'n hoogaangeskrewe en baie omvattende basiese bestuursgraad, en is gerig op ekonomiese en bestuurswerk in veral die privaatsektor, akademiese loopbane by universiteite of teknikons, asook 'n onderwysloopbaan.

- Hoewel die B.Com.-graad gerig is op ekonomiese en bestuurswerk in die privaatsektor, is dit ook 'n uitstekende graad vir 'n loopbaan in die openbare sektor. (Vergelyk egter die Onderrigprogram in Openbare Sektor Bestuur).
- Die graad is gebou rondom die kern van Ekonomie (as moederwetenskap), Ondernemingsbestuur (insluitend Bemaking en Finansiële Bestuur), Bedryfsielkunde en Rekeningkunde, met heelwat ruimte vir keusemodules. B.Com. (Algemene Bestuur) is die mees algemene opsie en bied vir iemand wat nie nou al 'n spesifieke rigting wil kies nie, 'n baie soliede algemene bestuursgraad.
- Hiernaas word spesialisasie in sekere rigtings moontlik gemaak deur die beskikbaarheid van 'n verskeidenheid gefokusde rigtings binne die B.Com.-graad, soos hieronder uiteengesit.

B.Com. (Aktuariële Wetenskap)	B.Com. (Inligtingstegnologie)
B.Com. (Algemene Bestuur)	B.Com. (Landbou-ekonomie)
B.Com. (Bankwese)	B.Com. (Menslike Hulpbronbestuur)
B.Com. (Bemaking)	B.Com. (Regte)
B.Com. (Ekonomie)	B.Com. (Statistiek)
B.Com. (Finansiële Bestuur)	B.Com. (Sportbestuur)
B.Com. (Finansiële Joernalistiek)	B.Com. (Risikobestuur)

- B.Com. (Rekeningkunde) en B.Com. (Bestuursrekeningkunde) is ook beskikbaar binne die onderrigprogram in Rekenmeestersopleiding.
- Die uiteensetting hieronder dui die struktuur van elke rigting se graad-kurrikulum vir die normale drie studiejare aan. Almal is gebou rondom 'n soliede ekonomiese en bestuurskern. Hierdie kern word in die eerste jaar, wat dieselfde is vir al die rigtings, gevestig, maar ook in die tweede en derde jaar uitgebou, hoewel met toenemende fokus op modules wat deur die gekose spesialiteitsrigting vereis word.
- In die uiteensetting word die onderskeidende element van elke rigting duidelik aangedui, sodat die voornemende studente 'n goed ingeligte keuse tussen die verskillende rigtings kan maak. Dit is moontlik om van rigting te verander gedurende die studietydperk. Dit kan egter beteken dat ekstra modules geneem moet word om aan te pas by die nuwe rigting se voorskrifte.
- Die minimum aantal semestermodules wat gewoonlik vir 'n B.Com.-graad vereis word, is 30. Normaalweg moet drie "hoofmodules" op derdejaarsvlak geneem word.
- 'n Basiese rekenaarvaardigheidsmodule (BRS111 en RIS121) is deel - van al die kurrikula, asook 'n module in Afrikaans vir die Professies of Besigheidsengels, toegespits op die bestuursveld. Hierdie taalvaardigheidsmodule is daarop gemik om die student noodsaaklike vaardighede vir suksesvolle akademiese studies en 'n loopbaan in bestuur te gee. [Indien 'n beduidende aantal nie-moedertaalsprekers vir Afrikaans vir die Professies inskryf, kan hulle in 'n nie-moedertaalmodule van Afrikaans geakkommodeer word.]

Wanneer moet 'n student finaal kies?

In die meeste gevalle volg studente in hierdie Fakulteit vir al die grade dieselfde eerstejaarsmodules, nl. Ekonomie, Ondernemingsbestuur, Rekeningkunde, Bedryfsielkunde en Statistiek/Wiskunde. Hierdie modules is die basis van enige bestuursgraad.

In die tweede jaar tree verskille tussen die verskillende rigtings in, en in die derde jaar is daar beduidende verskille.

'n Student moet dus verkieslik aan die einde van die eerste studiejaar klaar kies, maar kan dit ook later doen. Dit kan dan egter beteken dat enkele ekstra modules wat vir die nuwe rigting benodig word, gevolg sal moet word.

Studente kan slegs twee keer van rigting binne die Program vir Privaatsektorbestuur verander. Slegs in uitsonderlike gevalle sal 'n student met die goedkeuring van die Dekaan en die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur, toegelaat word om 'n derde keer van rigting te verander.

INLIGTING

Hierdie kwalifikasie is vir studente wat beoog om hulle uiteindelik as aktuarisse te kwalifiseer. Dit is 'n baie gesogte kwalifikasie veral in die versekeringswêreld, maar aktuarisse bevind hulle ook soms in die veld van algemene bestuur.

Alhoewel gegradueerdes met hierdie kwalifikasie nog nie volwaardige aktuarisse is nie, kan hiermee toegang tot die professionele kwalifikasie verkry word. Nadat 'n aktuariële graad aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit verwerf is, moet sodanige kandidaat ook die nodige eksamen van die Instituut van Aktuarisse (Londen) en die Fakulteit van Aktuarisse (Edinburgh) slaag om as volwaardige aktuaris te kwalifiseer. Kandidate met hierdie kwalifikasie het dus 'n ware internasionale kwalifikasie. Die aktuariële eksamens word in Suid-Afrika geskryf, maar oorsee nagesien. Studies geskied gewoonlik op 'n korrespondensie basis.

Dit is raadsaam vir 'n student met 'n Suid-Afrikaanse aktuariële kwalifikasie om vir lidmaatskap van die Instituut van Aktuarisse en die Fakulteit van Aktuarisse aansoek te doen. Hierdie aansoeke kan via die Suid-Afrikaanse Aktuariële Genootskap gedoen word. Voorts moet ook vir lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Aktuariële Genootskap gedoen word. Die nodige aansoekvorms kan by die volgende adres verkry word:

Die Ere-sekretaris
Aktuariële Genootskap van SA
Posbus 4464
KAAPSTAD
8000

Voorgenome kandidate in hierdie rigting moet baie sterk Wiskundig aangelê wees en oor die algemeen bo-gemiddelde uitslae in Graad 12 behaal.

Die kern van hierdie opsie setel in Aktuariële Wetenskap en Wiskundige Statistiek.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Aktuariële Wetenskap) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (AKTUARIËLE WETENSKAP) Studiekode 6324

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Wiskundige Statistiek	WKS114	WKS124	WKS216	WKS226	WKS314 WKS334	WKS324 WKS344
Aktuariële Wetenskap			ATW216	ATW246	ATW318	ATW328
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
Wiskunde	WTW114	WTW124	WTW214 WTW252	WTW224 WTW262		
Finansiële Bestuur en Verslaggewing	FBS108	FBS108				
Rekenaarinligtingstelsels	RIS134	RIS144				
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Geld- en Bankwese					GEB314	GEB324
Rekenaargeletterdheid	BRS111					

INLIGTING

Hierdie is die mees algemene B.Com.-opsie, en is uitstekend vir iemand wat 'n soliede algemene bestuursgraad wil hê en nie soseer wil spesialiseer in 'n bepaalde rigting nie. Dit berei die student dus voor vir 'n wye verskeidenheid loopbane in hierdie breë veld, in sowel verskeie privaatsektorbestuurrigtings as in die Ekonomie-rigting.

- Spesialisasie kan dan op nagraadse vlak volg, indien benodig. (Kyk na die hoofstuk oor nagraadse studie).

Die kern van hierdie opsie setel enersyds in Ekonomie en andersyds in Ondernemingsbestuur (wat Bemaking en/of Finansiële Bestuur insluit). Daar is 'n keuse tussen Rekeningkunde of Bedryfsielkunde as die derde hoofvak in die derde jaar.

Rekeningkunde moet minstens tot op tweedejaarsvlak geneem word, 'n aanduiding van die belangrikheid daarvan in die breë bestuursveld.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Algemene Bestuur) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word, veral by die keuserigtings.

B.COM. (ALGEMENE BESTUUR) Studiekode 6301

	EERSTE JAAR		TWEEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324 of EKT324
Ekonomie						
Ekonomie						
Ondernemingsbestuur☒	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking☒		OBS144				OBS324 of OBS364
Finansiële bestuur☒			OBS234			
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124	ELR214	OCP224		
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK114	REK124	REK204 BRF214	REK204		
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW124 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132 of	AFP122 of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111			
Gevorderde rekenaargebruik				RIS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit:		Kies een vak uit:	
Openbare Bestuur			OBB214	OBB224	OBB314	OBB324
Geld- en Bankwese			GEB214	GEB224		
Belasting			BLS208	BLS208		
Handelsreg			HRG114	HRG124		
Bedryfsielkunde					TRG314	RSM324
Rekenaarinligtingstelsels			RIS134	RIS144		
Rekeningkunde					REK308	REK308
Wiskunde			WTW214 WTW252	WTW224 WTW262	WTW354	WTW364

- WTW114 en WTW124 moet verkieslik deur studente geneem word wat in Graad 12 HG Wiskunde 'n A- of B-simbool behaal het asook deur studente wat in die tweede jaar met Wiskunde wil voortgaan.
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.
- ☒ In al drie studiejare geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemarking of Finansiële Bestuur.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir iemand wat 'n loopbaan in die banksektor, in ander finansiële instellings of ander terreine van die finanswese beoog. Dit is ook uitstekend vir 'n loopbaan by die Reserwebank (insluitend monetêre beleid).

Veral met 'n nagraadse kwalifikasie in Ekonomie (spesialiteitsrigting Geld- en Bankwese) is 'n student besonder geskik vir hierdie soort loopbaangeleenthede. Die nagraadse rigting in Beleggingsbestuur sluit ook uitstekend hierby aan.

Die kern van hierdie opsie setel in Geld- en Bankwese ('n sub-afdeling van Ekonomie wat fokus op die monetêre wêreld) en Ekonomie as hoofmodules. Dit het egter steeds 'n stewige bestuursbasis, o.m. met Ondernemingsbestuur (insluitend Bemarking en Finansiële Bestuur) ook tot op derdejaarsvlak. Dit kan dus ewe goed as algemene bestuursgraad funksioneer.

Rekeningkunde hoef slegs tot op eerstejaarsvlak geneem te word (maar kan wel in die tweede jaar geneem word).

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Bankwese) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uitensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (BANKWESE) Studiekode 6303

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324
Geld- en Bankwese			GEB214	GEB224	GEB314	GEB324
Ondernemingsbestuur☒	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemaking☒		OBS144				OBS324 of OBS364
Finansiële bestuur☒			OBS234			
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124	ELR214	OCP224		
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW124 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111			
Gevorderde rekenaargebruik				RIS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit:			
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde			REK204 BRF214	REK204		
Statistiek			STK216	STK226		
Belasting			BLS208	BLS208		
Handelsreg			HRG114	HRG124		
Rekenaarinligtingstelsels			RIS134	RIS144		

- WTW114 en WTW124 moet verkieslik deur studente geneem word wat in Graad 12 HG Wiskunde 'n A- of B-simbool behaal het asook deur studente wat in die tweede jaar met Wiskunde wil voortgaan.
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.
- ☒ In al drie studiejaar geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemaking of Finansiële Bestuur.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir studente wat die wêreld van bemarkingsbestuur en internasionale bemarking wil betree.

- Met 'n nagraadse kwalifikasie in Bemarkingsbestuur is 'n persoon besonder geskik vir 'n loopbaan in bemarking en reklame in die privaatsektor.

Die kern van hierdie opsie setel in Bemarking en Bedryfskommunikasie as hoofvak.

Rekeningkunde hoef net tot op eerstejaarsvlak geneem te word, alhoewel dit aan te beveel is tot op tweedejaarsvlak, gegewe die belangrikheid daarvan in enige bestuursveld.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Bemarking) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uitensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (BEMARKING) Studiekode 6305

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking☒		OBS144				OBS324
Finansiële bestuur☒			OBS234			
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124	ELR214	OCP224	TRG314	RSM324
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Bedryfskommunikasie			BKT112 BKT232	BKT222 BKV222	BKT312 BKC312 of	BKJ242 BKE322
Internet Bemarking					IBM314*	of
Toerisme bemarking						OBS344
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW124 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132 of	AFP122 of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111			
Gevorderde rekenaargebruik				RIS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit:			
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde			REK204 BRF214	REK204		
Geld-en Bankwese			GEB214	GEB224		
Belasting			BLS208	BLS208		
Handelsreg			HRG114	HRG124		

- * Toegang tot die internet is 'n vereiste vir Internet Bemarking.
- WTW114 en WTW124 moet verkieslik deur studente geneem word wat in Graad 12 HG Wiskunde 'n A- of B-simbool behaal het asook deur studente wat in die tweede jaar met Wiskunde wil voortgaan.
 - ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.
 - ☒ In al drie studiejare geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemarking of FinansiëleBestuur.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir iemand wat in die Ekonomie-rigting wil spesialiseer, en byvoorbeeld as ekonoom of as ekonomiese beleidsontleder of vooruitskatter wil werk, of belang stel in 'n loopbaan as ekonomiese navorser of akademiese ekonoom.

- Veral met 'n nagraadse kwalifikasie in Ekonomie is 'n student besonder geskik vir hierdie soort loopbaangeleenthede, veral by groot sake-ondernemings, finansiële instellings of in die owerheidsektor.

Die kern van hierdie rigting setel in Ekonomie en Geld- en Bankwese ('n spesialiteitsveld van Ekonomie wat fokus op die monetêre wêreld) met Ekonometrie as 'n opsie. Dit het egter steeds 'n stewige bestuursbasis, o.m. met Ondernemingsbestuur (insluitend Bemaking en Finansiële Bestuur) minstens tot op tweedejaarsvlak. Dit kan dus ewe goed as algemene bestuursgraad funksioneer.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Ekonomie) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word veral by die keuserigtings.

B.COM. (EKONOMIE) Studiekode 6302

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324 of
Ekonomie						EKT324
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Finansiële bestuur☒			OBS234			OBS364 of
Bemarking☒		OBS144				OBS324
Geld- en Bankwese			GEB214	GEB224	GEB314	GEB324
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124				
Rekeningkunde	REK114	REK124				
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW12 of WTW144				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111			
Gevorderde rekenaargebruik				RIS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies twee vakke uit:			
Bedryfsielkunde			ELR214	OCP224		
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde			REK204 BRF214	REK204		
Statistiek			STK216	STK226		
			of	of		
Wiskunde			WTW214 WTW252	WTW224 WTW262		

- WTW114 en WTW124 moet verkieslik deur studente geneem word wat in Graad 12 HG Wiskunde 'n A- of B-simbool behaal het asook deur studente wat in die tweede jaar met Wiskunde wil voortgaan.
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.
- ☒ In al drie studiejare geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemarking of Finansiële Bestuur.

INLIGTING

Hierdie opsie is vir studente wat beoog om finansiële bestuurders in die privaatsektor te word. Finansiële instellings maak ook toenemend van gegraduateerdes met hierdie kwalifikasies gebruik.

Die kern van hierdie opsie setel in Ondernemingsbestuur, veral semester-modules in Finansiële Bestuur, asook Rekeningkunde. Daar word aanbeveel dat studente dit sterk oorweeg om Belasting in te sluit.

Die insluiting van die Finansiële Beplanningsmodules as keusemodules in die tweede- en derdejaar bied 'n uitstekende opsie vir studente wat beoog om finansiële beplanners te word.

Rekeningkunde moet tot op derdejaarsvlak geneem word.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com.(Finansiële Bestuur) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (FINANSIËLE BESTUUR) Studiekode 6306

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking☒		OBS144				
Finansiële bestuur☒			OBS234			OBS364
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK114	REK124	REK204 BRF214	REK204	REK308	REK308
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124				
Statistiek	STK114	STK124				
	of	of				
Wiskunde	■WTW114 of ◆WTW134	WTW124 of WTW144				
Geld- en Bankwese			GEB214	GEB224		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaarletterdheid			BRS111			
Gevorderde rekenaar gebruik				RIS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					
KEUSES:			Kies een vak uit		Kies een vak uit	
Statistiek			STK216	STK226	STK316	STK326
Wiskunde			WTW214 WTW252	WTW224 WTW262	WTW354	WTW364
Bedryfsielkunde			ELR214	OCP224		
Rekenaarinligtingstelsels			RIS134	RIS144		
Ekonomie Ekonomie					EKN314	EKN324 of EKT324
Geld- en Bankwese					GEB314	GEB324
Finansiële Beplanningsomgewing			FBR214	FBR224		
Finansiële Beplanning					FBR314	FBR324
Belasting			BLS208	BLS208		

- WTW114 en WTW124 moet verkieslik deur studente geneem word wat in Graad 12 HG Wiskunde 'n A- of B-simbool behaal het asook deur studente wat in die tweede jaar met Wiskunde wil voortgaan.
- ◆ WTW134 en WTW144 moet verkieslik deur studente geneem word wat net in die eerste jaar Wiskunde wil neem.
- ☒ In al drie studiejare geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemarking of Finansiële bestuur.

INLIGTING

Hierdie opsie is spesiaal ontwerp vir studente wat loopbane in die joernalistiek oorweeg, wat spesifiek op die finansiële wêreld gerig is. Anders as wat die geval is met 'n gewone geesteswetenskaplike graad in joernalistiek, bv. BA (Kommunikasiekunde), word so 'n persoon goed onderlê in die ekonomiese, finansiële en bestuursveld.

Die kern van hierdie opsie setel in Ekonomie en ekonomiese beleid, die finanswese (Geld- en Bankwese), geselekteerde dele van bestuurswetenskap, en dan spesiaal geselekteerde dele van Kommunikasiekunde en Bedryfskommunikasie.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Finansiële Joernalistiek) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (FINANSIËLE JOERNALISTIEK) Studiekode 6312

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem.	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224	EKN314	EKN324 of EKT324
Ekonomie						
Ekonomie						
Geld- en Bankwese			GEB214	GEB224	GEB314	GEB324
					of	
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking☒		OBS144				
Finansiële bestuur☒			OBS234			
Kommunikasiekunde	KOM112 KOM212	KOM122 KOM142		KOM222 KOM242		
Bedryfskommunikasie			BKJ212 BKJ232		BKJ312 BKL312	BKJ242 BKE322
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK114	REK124	REK204 BRF214	REK204		
			of	of		
Bedryfsielkunde			ELR214	OCP224		
Statistiek	STK114	STK124				
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				
Rekenaargeletterdheid			BRS111			
Gevorderde rekenaargebruik				RIS121		
Inligtingvaardigheid	ILK111					

☒ In al drie studiejare geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemarking of Finansiële Bestuur.

INLIGTING

Hierdie interdisiplinêre graad is bedoel vir studente wat belangstel in Wiskunde in die finansiële wêreld. Finansiële instellings soos banke, versekeraars en beleggingsinstansies het 'n behoefte aan gegradueerdes wat 'n stewige agtergrond in die Ekonomiese Wetenskappe sowel as Wiskunde het. Studente kan kies hoe swaar 'n klem hulle op die verskillende rigtings wil plaas. Hierdie vaardighede bied uitstekende loopbaangeleenthede vir persone wat Wiskundige ontledings van finansiële probleme kan doen. Met nagraadse studie sal so 'n persoon nog meer komplekse finansiële modelle kan hanteer.

Rekeningkunde word tot op tweedejaarsvlak vereis.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Finansiële Wiskunde) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word, veral by die keuserigtings.

B.COM. (FINANSIËLE WISKUNDE) Studiekode 6326

	EERSTE JAAR		TWEEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Wiskunde	WTW 114	WTW 124	WTW 214 WTW 252	WTW 224 en een van WTW262 of WTW282		
Ekonomie	EKN 114	EKN 124	EKN 214	EKN 224	EKN314	
Ekonomie						EKT324
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking☒		OBS144				
Finansiële Bestuur☒			OBS234			OBS364
Rekenaarinligtingstelsels	RIS 134	RIS 144				
Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde	REK 114	REK 124	REK 204 BRF214	REK 204		
Rekenaarageletterdheid	BRS111					
Gevorderde rekenaaragebruik		RIS121				
Aktuariële Wiskunde			ATW216	ATW226		
			of	of		
Geld- en Bankwese			GEB214	GEB224		
					Ten minste 4 van die volgende modules waarvoor die student die voorvereistes het	
Wiskunde					WTW314 WTW334 WTW354 WTW374	WTW324 WTW344 WTW364 WTW384

☒ In al drie studiejare geld enige twee OBS-semestermodules saam as een "vak", al is een van die modules se naam Bemarking of Finansiële Bestuur.

INLIGTING

Hierdie opsie is gepas vir iemand wat wil spesialiseer in die bestuur van Inligtingstegnologie (IT), rekenaarinligtingstelsels, -programmering en -toepassings, 'n veld met besondere loopbaangeleenthede in die inligtings-era. Dit vereis uiteraard sterk rekenaar- en syfervaardighede.

Hierdie opsie word onderskei deurdat Rekenaarinligtingstelsels (RIS) verplig is as hoofvak, met keuses vir die ander hoofvakke.

Gegewe die behoeftes van 'n loopbaan in hierdie bestuursveld, is daar 'n relatief beperkte aantal keusemodules.

Rekeningkunde word tot op tweedejaarsvlak vereis.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com.(Inligtingstegnologie) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (INLICHTINGSTEGNOLOGIE) Studiekode 6308

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Rekenaarinligtingstelsels	RIS134	RIS144	RIS236	RIS222 RIS224	RIS314 RIS334	RIS324 RIS344
Statistiek	STK114	STK124	STK216	STK226		
	of	of	of	of		
Wiskunde	WTW114	WTW124	WTW214 WTW252	WTW224 WTW262		
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
	of	of	of	of		
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124	ELR214	OCP224		
 - Graad 12 Wiskunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër, plus
 - Graad 12 Rekeningkunde (HG) minstens met 'n C-simbool of hoër

Uitsonderlike gevalle kan deur die Programdirekteur Rekenmeestersopleiding toegelaat word.

Studente wat gedurende hul eerste studiejaar Finansiële Rekeningkunde of meer as een semestermodule drui, sal slegs in uitsonderlike gevalle deur die Programdirekteur Rekenmeestersopleiding toegelaat word om vir die B.Rek.-studie te herregistreer.

Studente wat nie in hulle eerste jaar tot die B.Rek.-graad toegelaat word nie, kan op grond van bevredigende eerstesemester-resultate in B.Com. of 'n ander graadmodule deur die Programdirekteur Rekenmeestersopleiding tot die B.Rek.-graad toegelaat word.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Rek. moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.REK. Studiekode 6319

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem 1.	Sem 2.	Sem 1	Sem. 2
Finansiële Rekeningkunde	FIN114	FIN124	FIN208	FIN208	FIN308	FIN308
Ekonomie	EKN114	EKN124		EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134					
Bemarking		OBS144				
Bestuursrekeningkunde			BRF214		BRF308	BRF308
Ouditkunde			ODT214	ODT224	ODT308	ODT308
Belasting			BLS208	BLS208	BLS308	BLS308
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124				
Handelsreg	HRG114	HRG124	HRG214			
Statistiek	STK114	STK124				
Rekenaargeletterdheid	BRS111					
Rekenaarinligtingstelsels			RIS254	RIS244		
Rekenaartoepassings				RKT224		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				

INLIGTING

Hierdie graad is spesifiek gerig op iemand wat wil praktiseer as 'n CFA, asook vir iemand wat 'n rekeningkundige loopbaan in die privaat- of openbare sektor wil volg. Hierdie graad is ook bedoel vir akkreditasie as Algemene Rekenmeester (AGA(SA)) by die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters.

B.Com. (Rekeningkunde) is gerig op die Komersiële en Finansiële Rekenmeestersprofessie(CFA). Finansiële Rekeningkunde, Belasting en Bestuursrekeningkunde vorm die kern van die graad. Die Komersiële en Finansiële Rekenmeestersprofessie (CFA) is gerig op die uitvoering van die pligte van die Rekeningkundige Beampte van Beslote Korporasies asook rekenmeesters- en belastingdienste en kan ook as finansiële bestuurders in die privaatsektor optree. Die B.Com. (Rekeningkunde) verleen ook lidmaatskap soos in die Algemene inligting uiteengesit is. Dié graad kan ook gedeeltelike akkreditasie bied vir 'n kwalifikasie by die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA) en by die Association of Chartered Certified Accountants (ACCA).

Die graad verskil van die B.Com. (Bestuursrekeningkunde) in dié opsig dat Ouditkunde, Boedelbereddening en Rekenaartoepassings ingesluit word. Ekonomie word tot op tweedejaarsvlak geneem en Ondernemingsbestuur tot op derdejaarsvlak.

Persone wat 'n loopbaan as geoktrooieerde rekenmeester wil volg, moet vir die graad B. Rek. inskryf. As alternatief kan 'n persoon inskryf vir B.Com. en later, met die goedkeuring van die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding, na die B. Rek.-graad oorskakel. Die oorgangsmatreëls met betrekking tot Finansiële Rekeningkunde (FIN) se voorvereistes moet egter in gedagte gehou word.

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com.(Rekeningkunde) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel. 'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (REKENINGKUNDE) Studiekode 6321

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Rekeningkunde	REK114	REK124	REK204	REK204	REK308	REK308
Ekonomie	EKN114	EKN124		EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134				OBS314	
Bemarking		OBS144				
Finansiële bestuur						OBS364
Bestuursrekeningkunde			BRF214		BRF314	
Ouditkunde			ODT214	ODT224		
Belasting			BLS208	BLS208	BEL308	BEL308
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124				
Handelsreg	HRG114	HRG124	HRG214			
Statistiek	STK114	STK124				
Rekenaargeletterdheid	BRS111					
Rekenaarinligtingstelsels			RIS254	RIS244		
Rekenaartoepassings				RKT224		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				

INLIGTING

Die B.Com. (Bestuursrekeningkunde) is 'n gespesialiseerde graad en is spesifiek gerig op 'n loopbaan as koste- en bestuursrekenmeester. Die graadsamestelling bied ook die moontlikheid vir 'n loopbaan in finansiële bestuur.

Die graad mag ook vrystelling verleen van sekere voorvereistes van die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA), wat 'n hoog aangeskrewe internasionale professionele liggaam is.

Die graad is gebou rondom Bestuursrekeningkunde asook 'n groot komponent van Finansiële Rekeningkunde, Finansiële Bestuur en Ondernemingsbestuur.

Die graad verskil van die B.Com. (Rekeningkunde) in die opsig dat Ouditkunde en Rekenaartoepassings uitgesluit is. Ekonomie word volledig tot in die tweede jaar geneem en Ondernemingsbestuur tot in die derde jaar. Daar is ook 'n spesiale Ouditkunde-module (ODT224).

Hierdie graad is spesifiek gerig op iemand wat wil praktiseer as 'n CFA asook vir iemand wat 'n rekeningkundige en finansiële bestuursloopbaan in die privaat- of openbare sektor wil volg. Persone wat 'n loopbaan as geoktrooieerde rekenmeester wil volg, moet vir die graad B. Rek. inskryf of later, met die goedkeuring van die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding, na die graad oorskakel. Finansiële Rekeningkunde (FIN) kan in die plek van Rekeningkunde gekies word deur B.Com.(Bestuursrekeningkunde) studente wat dit oorweeg om later oor te skakel na die graad B.Rek. Daar moet egter aan die toelatingsvereistes vir Finansiële Rekeningkunde (FIN) voldoen word. Finansiële Rekeningkunde (FIN) is verpligtend vir die B.Rek.-graad. (Dit is vir persone wat 'n Geoktrooieerde Rekenmeester wil word).

Die moeilikheidsgraad van die FIN-modules is hoër en die omvang wyer as dié van Rekeningkunde (REK).

TOELATINGSVEREISTES

Raadpleeg die Algemene universiteitstoelatingsvereistes asook die Fakulteitstoelatingsvereistes.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die graad B.Com. (Bestuursrekeningkunde) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel. 'n Student moet self seker maak dat vakvoorvereistes nagekom word.

B.COM. (BESTUURSREKENINGKUNDE) Studiekode 6322

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Rekeningkunde	REK114	REK124	REK204	REK204	REK308	REK308
Ekonomie	EKN114	EKN124	EKN214	EKN224		
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	
Bemarking		OBS144				
Finansiële bestuur			OBS234			OBS364
Bestuursrekeningkunde			BRF214		BRF308	BRF308
Ouditkunde				ODT224		
Belasting					BLS208	BLS208
Projekbestuur				PJB222		
Bedryfsielkunde	ORG114	HUM124				
Handelsreg	HRG114	HRG124	HRG214			
Statistiek	STK114	STK124				
Rekenaargeletterdheid	BRS111					
Rekenaarinligtingstelsels			RIS254	RIS244		
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die professies	AFP132	AFP122				
	of	of				
Besigheidsengels	EBE112	EBE122				

HONNEURS- BACCALAUREUSGRADE

'n Honneursgraad gee aan die student wat reeds 'n baccalaureusgraad behaal het, geleentheid om verder te studeer in 'n voorkeurrigting.

Hoewel 'n baccalaureusgraad wel vir 'n student 'n soliede, algemeen-vormende wetenskaplike basis gee (al is dit met 'n spesifieke fokus in die derde studiejaar), bied honneursstudie veel meer geleentheid tot vakkundige en wetenskaplike verdieping asook spesialisasie. Sodanige verdieping berei die student enersyds baie beter voor vir 'n gekose loopbaanrigting, of verskaf andersyds 'n oorgang na gevorderde nagraadse studie vir 'n magistergraad of uiteindelik 'n doktorsgraad (Ph.D.), die hoogste akademiese kwalifikasie.

Die volgende honneursgrade word in die Fakulteit aangebied:

Graad	Minimum jare van studie	Afkorting	Studie- kode
Baccalaureus Honores in Rekeningkunde	1	B.Rek.Hons.	6580
Baccalaureus Administrationis Honores	1	B.Admin.Hons	6510
Baccalaureus Commercii Honores: Ekonomiese Beleidsontleding	1	B.Com. Hons. Ekono- miese Beleidsontleding	6501
Baccalaureus Commercii Honores: Toegepaste Ekonometrie	1	B.Com. Hons. Toegepaste Ekonometrie	6516
Baccalaureus Commercii Honores: Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur	1	B.Com. Hons. Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur	6517
Baccalaureus Commercii Honores: Geld- en Bankwese	1	B.Com. Hons Geld- en Bankwese	6502
Baccalaureus Commercii Honores	1	B.Com. Hons.	6500
Baccalaureus Commercii Honores: Bemaking	1	B.Com. Hons Bemaking	6504
Baccalaureus Commercii Honores: Aktuariële Wetenskap	1	B.Com. Hons Aktuariële Wetenskap	6505

Baccalaureus Commercii Honores: Rekeningkunde	1	B.Com. Hons Rekeningkunde	6506
Baccalaureus Commercii Honores: Ekonomie	1	B.Com. Hons. Ekonomie	6515
Baccalaureus Economiae Honores*	1	B.Econ. Hons.	6550
Baccalaureus Economiae Honores: Bemarking *	1	B.Econ. Hons. (Bemarking)	6552
Baccalaureus Honores in Personeelleiding: Bemarking*	1	B.P.L. Hons. Bemarking	6531
Baccalaureus Honores in Personeelleiding*	1	B.P.L. Hons.	6530
Baccalaureus Honores in Openbare Bestuur	1	B.Pub. Hons.	6570

* Slegs vir studente wat B.Econ. of B.P.L. aan die UV of 'n ander universiteit behaal het.

Slegs die honneursgraad wat volg op die kandidaat se baccalaureusgraad kan geneem word, bv. B.Com. Hons. kan slegs volg op 'n B.Com., behalwe in uitsonderlike gevalle waar 'n student weens 'n baie goeie rede en met spesiale toestemming in 'n nie-ooreenstemmende honneursgraad ge-akkommodeer kan of moet word (algemene regulasie A56).

In hierdie Fakulteit kan 'n honneursgraad op een van twee wyses geneem word:

(a) Honneurs in 'n bepaalde *vak of dissipline*, bv. Ekonomie of Statistiek, wat in die kandidaat se baccalaureusgraad as 'n hoofvak (d.w.s. tot op derdejaarsvlak) geneem is. 'n Dissiplinehonneursgraad kan byvoorbeeld in die volgende dissiplines behaal word:

- Ekonomie
- Ondernemingsbestuur
- Bedryfsielkunde
- Rekeningkunde
- Openbare Bestuur
- Statistiek
- Rekenaarinligtingstelsels

Gewoonlik kan in 'n dissiplinehonneurs ook enkele modules (semester-modules) uit 'n ander dissipline ingesluit word.

(b) Honneurs in 'n bepaalde *temarigting*, bv. Bemarking, wat multidissiplinêr saamgestel word uit voorgeskrewe semestermodules uit verskeie dissiplines. In B.Com. Hons. is die volgende *temarigtings* op honneursvlak beskikbaar:

- Aktuariële Wetenskap
- Bemarking

Die gekose tema word dan tussen hakies aangedui, byvoorbeeld B.Com. Hons. (Bemarking).

Studente wat voorheen die grade B.Econ. of B.P.L. behaal het, kan van hierdie temarigtings ook in die ooreenstemmende honneursgraad B.Econ. Hons. of B.P.L. Hons. volg, solank die nodige vakvoorvereistes nagekom word.

'n Honneursgraad bestaan tipies uit ses of meer modules (gewoonlik semestermodules, maar sommige ook jaarmodules) plus 'n skripsie of navorsingsprojek.

Al die semester- en jaarmodules wat in die Jaarboek aangedui word, word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

REGULASIES

Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies ten opsigte van honneursgrade van toepassing op alle honneursgrade in hierdie fakulteit.

TOELATING

Om in 'n dissiplinehonneurs te studeer, moet daardie vak in die baccalaureusgraad tot op derdejaarsvlak geneem gewees het. Vir 'n temagerigte honneurs geld ook soortgelyke toelatingsvereistes (kyk tabel hieronder).

- 'n Honneurs temarigting ("hakie") hoef egter nie noodwendig dieselfde te wees as die voorgraadse keuserigting ("hakie") nie, solank die voorvereistes nagekom word.

Toestemming om 'n honneursgraad in 'n bepaalde dissipline te volg, moet by die betrokke departementele voorsitter verkry word. Dit moet geskied voor registrasie as student vir die betrokke jaar. Toestemming vir honneursstudie in een van die temarigtings moet voor registrasie verkry word van die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur.

REG.F28 VOORVEREISTES

Die volgende bykomende voorvereistes geld vir honneursstudie in die onderstaande dissiplines/temas. 'n Student wat nie aan hierdie voorvereistes voldoen nie, kan die ontbrekende module(se) gesamentlik met die honneursstudie aanbied.

Ondernemingsbestuur Ekonomie Geld- en Bankwese	STK114 en STK124 of WTW114 en WTW124, tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word op grond van ekwivalente modules
Bemaking	Bemaking OBS144; OBS324;
Rekeningkunde FIN608 BRF608 BLS608 ODT608 REK608 AUD608 BEL608 MAF608	FIN308/REK608 BRF308/MAF608 of BRF314 & OBS364 saam BLS308/BEL608 ODT308/AUD608 REK308 of FIN208 ODT214 en ODT224 BLS308 of BEL308 BRF308 of BRF314 & OBS364 saam

Nagraadse studente in dissiplines anders as Ekonomie of in 'n bepaalde multidissiplinêre temarigting wat 'n nagraadse module in Mikro-ekonomie, Makro-ekonomie of Ekonometrie wil insluit in hul honneursgraad, moet Ekonomie minstens op tweedejaarsvlak geslaag het.

REG.F29 KURRIKULA: DISSCIPLINEHONNEURSGRADE

Vervolgens inligting, kurrikula en voorskrifte vir die onderskeie vak- en temarigtings waarin 'n honneursgraad behaal kan word.

**F29.1 Modules in ander Fakulteite
Studiekode 6500**

Vir honneurs in enige van:

Antropologie
Bedryfskommunikasie
Landbou-ekonomie
Politieke wetenskap
Rekenaarinligtingstelsels
Sielkunde
Statistiek
Wiskunde

Raadpleeg die Jaarboek van die betrokke Fakulteit vir die kurrikulum.

Inligting

Voornemende studente moet elke jaar voor 30 November skriftelik by die voorsitter van die departement aansoek doen om toelating (wat 'n keuringsproses insluit) tot die graad voordat hulle registreer. Om toelating tot honneursstudie in Bedryfsielkunde te verkry, moet 'n voornemende student al die voorgraadse Bedryfsielkunde modules geslaag het (of gelykwaardige modules van ander instellings) en ten minste 60% vir RSM 324 (Navorsingsmetodologie of gelykwaardig) behaal het. Aansoekvorms is by die Departementele Voorsitter, Departement Bedryfsielkunde, beskikbaar.

Kurrikulum

Die graad bestaan uit twee jaarmodules en vier semestermodules plus 'n skripsie. Die graadsamestelling word in oorleg met die departementele voorsitter gedoen.

Studente wat reeds gekeur is vir B.Psig. ekwivalensie ten einde te registreer as psigometriste by die GBRSA (Gesondheidberoeperaad van Suid-Afrika) moet SIL604 en SIL654 in die plek van LAB614 neem. Ná suksesvolle voltooiing van die B.Com. (Hons.) en 'n gepaardgaande internskapprogram, kan 'n professionele registrasie by die GBRSA (Gesondheidberoeperaad van Suid-Afrika)verwerf word.

Graadsamestelling

Modulenaam	MODULEKODE	
	Semester 1	Semester 2
Navorsingmetodologie	RSM 608	RSM 608
Sielkundige assessering en meting	PAM 608	PAM 608
Skripsie	DIS 608	DIS 608
Loopbaansielkunde	OCP 614	
Arbeidverhoudinge	LAB 614	
Menslike Hulpbronbestuur		HUM 624
Organisasie sielkunde		ORG 624

Studente wat reeds gekeur is vir B.Psig. ekwivalensie moet Arbeidsverhoudinge (LAB 614) vervang met:

SIL604 Groeontwikkelingsteorieë **en**
 SIL654 Multidissiplinêre samewerking en praktykbestuur

Inligting

Om toelating tot honneursstudie in Ekonomie te verkry moet 'n student EKN314 en EKN324 of EKT324 (of ekwivalente modules, indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114; EKN124; EKN214 en EKN224 (of ekwivalent modules) voltooi het.

Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste vir alle opsies hieronder.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Kurrikulum

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabelle van die relevante grade soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, Departement Ekonomie, beskikbaar.

Module	Semester 1	Semester 2
Mikro-ekonomie	ECO611	
Makro-ekonomie I	ECO612	
Inleiding tot ekonometrie	ECO613	

Metodologie van ekonomie [#]	ECO631	
Wiskundige ekonomie [#]	ECO632	
		Een van die volgende:
Skripsie in ekonomie		ECO691
Publiseerbare artikel in ekonomie		ECO681
		Twee van die volgende:
Finansiële stelsels en monetêre beleid		ECO621
Internasionale ekonomie		ECO623
Openbare Ekonomie I (Fiskale beleid)		ECO624
Ontwikkelingsekonome		ECO625
		'n Goedgekeurde meestersvak met toestemming van die departementele voorsitter
		'n Goedgekeurde Module van 'n ander departement met toestemming van die departementele voorsitters van die betrokke departemente. Gebruik die gepaste modulekodes

[#] Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete

Inligting

Om toelating tot honneursstudie in Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur te verkry moet 'n student óf

- EKN314 en EKN324 of EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, EKN214, EKN224, OBS234, OBS364, REK114 en REK124 (of ekwivalente modules) geslaag het.
of
- GEB314 en GEB324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, GEB214, GEB224, EKN224, OBS234, OBS364, REK114 en REK124 (of ekwivalente modules) geslaag het.
of
- OBS314 en OBS364 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, OBS134, OBS144, OBS234, OBS244, EKN224, REK114 en REK124 (of ekwivalente modules) geslaag het.
of
- BRF314 en OBS364 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, EKN224, REK114, REK124 en BRF214 (of ekwivalente modules) geslaag het.
of
 - BRF308 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student OBS234, EKN114, EKN124, EKN224, REK114, REK124 en BRF214 (of ekwivalente modules) geslaag het.

Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste vir alle opsies hieronder.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Kurrikulum

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, Departement Ekonomie, beskikbaar.

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie I	ECO612	
Inleiding tot ekonometrie	ECO613	
Wiskundige ekonomie [#]	ECO632	
Sekuriteitsanalise [#]	ECO634	
Gevorderde finansiële bestuur	OBS612	
Beleggingsbestuur		ECO622
Finansiële stelsels en monetêre beleid		ECO621
		Een van die volgende:
Skripsie in finansiële ekonomie en portefeuljebestuur		ECO693
Publiseerbare artikel in finansiële ekonomie en portefeuljebestuur		ECO683

[#] Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete

Inligting

Om toelating tot honneursstudie in Toegepaste Ekonometrie te verkry moet 'n student EKN314 en EKN324 of EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114; EKN124; EKN214 en EKN224 (of ekwivalente modules) voltooi het.

Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste vir alle opsies hieronder.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Kurrikulum

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltijdse of deeltijdse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling v 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Module	Semester 1	Semester 2
Mikro-ekonomie	ECO611	
Makro-ekonomie I	ECO612	
Inleiding tot ekonometrie	ECO613	
Metodologie van ekonomie [#]	ECO631	
Wiskundige ekonomie [#]	ECO632	
		Een van die volgende:
Skripsie in toegepaste ekonometrie		ECO692
Publiseerbare artikel in toegepaste ekonometrie		ECO682
		Een van die volgende:
Gevorderde tydreeks ekonometrie		ECO722
Deursnit- en paneeldata-ekonometrie		ECO723
		Een van die volgende:
Finansiële stelsels en monetêre beleid		ECO621
Internasionale ekonomie		ECO623
Openbare ekonomie I (Fiskale beleid)		ECO624
Ontwikkelingsekonomie		ECO625
		'n Goedgekeurde Module van 'n ander departement met toestemming van die departementele voorsitters van die betrokke departemente. Gebruik die gepaste modulekodes

[#] Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete

'n Honneursgraad met spesialisasie in Ekonomiese Beleidsontleding kan binne departement Ekonomie behaal word. Die graad word saamgestel in oorleg met die departementele voorsitter.

Om toelating tot honneursstudie in Ekonomiese Beleidsontleding te verkry moet 'n student EKN314 en EKN324 of EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het, bykomend tot die voltooiing van EKN114; EKN124; EKN214 en EKN224 (of ekwivalente modules). Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste. Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Kurrikulum

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, Departement Ekonomie, beskikbaar.

Module	Semester 1	Semester 2
Mikro-ekonomie	ECO611	
Makro-ekonomie I	ECO612	
Inleiding tot ekonometrie	ECO613	
Metodologie van ekonomie [#]	ECO631	
Wiskundige ekonomie [#]	ECO632	
		Een van die volgende:
Skripsie in ekonomiese beleidsanalise		ECO694
Publiseerbare verwante artikel in ekonomiese beleidsanalise		ECO684
		Twee van die volgende:
Finansiële stelsels en monetêre beleid		ECO621
Owerheidsekonomie I: (Fiskale beleid)		ECO624
Ontwikkelingsekonomie		ECO625

[#] Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete

Spesialisierigting: Geld- en Bankwese
Studiekode 6502

'n Honneursgraad met spesialisasie in Geld- en Bankwese kan in departement Ekonomie verkry word deur gespesialiseerde modules te neem.

Om toelating tot honneursstudie in Geld- en Bankwese te verkry, moet 'n student GEB314 en GEB324 (of ekwivalente modules indien voornemende studente hulle voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het, bykomend tot die voltooiing van EKN114; EKN124; GEB214 en GEB224 (of ekwivalente modules). Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is

Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste. Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Kurrikulum

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie I	ECO612	
Inleiding tot ekonometrie	ECO613	
Bankbestuur	ECO614	
Wiskundige ekonomie [#]	ECO632	
Regulering van finansiële instellings [#]	ECO633	
Finansiële stelsels en monetêre beleid		ECO621
		Een van die volgende:
Skripsie in geld- en bankwese		ECO695
Publiseerbare verwante artikel in geld- en bankwese		ECO685
		Een van die volgende:
Afgeleide instrumente		ECO724
Internasionale finanswese		ECO725
Internasionale ekonomie		ECO623

Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete

Gegewe die verandering in modulekodes geld die volgende ekwivalente modulekodes vanaf 2006:

Ou kode	Nuwe kode
EKN601	ECO611
EKN606	ECO612
EKN604	ECO613
GEB604	ECO614
EKN608 & GEB608	ECO621
EKN603	ECO623
EKN621	ECO624
EKN622	ECO625
EKN602	ECO631
GEB603	ECO622
EKN691	ECO691
	ECO692
	ECO693
	ECO694
	ECO695
	ECO681
	ECO682
	ECO683
	ECO684
	ECO685

F29.4 ONDERNEMINGSBESTUUR
Studiekode 6500

Inligting

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter op grond van 'n bevredigende studierekord en die voldoening van die volgende vereistes. Om toelating tot honneursstudie in Ondernemingsbestuur te verkry, moet 'n voornemende student alle voorgaande modules in Ondernemingsbestuur voltooi het en ten minste twee van die volgende modules OBS314, IBM 314, OBS 344, OBS324, en OBS364 met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het (of gelykwaardige modules van ander instellings). Voornemende studente moet voor 30 November van die voorafgaande jaar skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Aansoekvorme is by die departementele voorsitter, departement Ondernemingsbestuur, beskikbaar.

Kurrikulum

Die graad bestaan uit ses modules plus 'n skripsie. Die modules word in oorleg met die departementele voorsitter gekies. 'n Student mag hoogstens drie modules per semester neem (skripsie uitgesluit). Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie en keuses kan deur verskeie relevante redes, soos die beskikbaarheid van personeel, beïnvloed word.

Deeltydse studente neem die graad oor twee jaar in oorleg met die departementele voorsitter.

Module	Semester 1	Semester 2
Skripsie (Verplig)	OBS 692	OBS692
Keusemodules	Drie van die volgende	Drie van die volgende
Gevorderde Strategiese Bestuur	OBS 611	
Strategiese Bemakingsbestuur		OBS 621
Gevorderde Finansiële Bestuur	OBS 612	
Entrepreneuriese Bestuur		OBS 622
Verbruikersgedrag	OBS 613	
Dienstebestuur	OBS 614	
Entrepreneurskap	OBS 615	
Projekbestuur		OBS 623
Internet Handel		OBS 624
Internasionale Bemaking		OBS 625

Een of hoogstens twee goedgekeurde modules uit 'n ander departement met toestemming van die betrokke departementele voorsitter. Gebruik die betrokke modulekode.

Inligting

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter op grond van 'n bevredigende studierekord. Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle mag registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Openbare Bestuur, beskikbaar.

Kurrikulum

Ses modules plus 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande geneem word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltijdse of deeltijdse student is.

Modules wat vir hierdie graad geslaag is, kan nie vir 'n ander graad of diploma erken word nie.

Modulekodes

A	PUB601	Uitvoerende Openbare Bestuur
	PUB602	Openbare Beleid en Dienslewering
	PUB603	Openbare Finansiële Bestuur
	PUB604	Organisasie-analise en Interowerheidsverhoudinge
	PUB605	Openbare Menslike Hulpbronbestuur
	PUB606	Ekonomie vir Openbare Sektor Bestuurders
B	PUB691	Skripsie

Voorvereistes

Verwys na spesifieke vakvoorvereistes hierbo. Studente van ander instansies moet vooraf goedkeuring by die Programdirekteur verkry.

Kurrikulum

Die graad bestaan uit 'n keuse tussen twee opsies. Studente wat in die toekoms vir B.Rek. (Hons.) wil registreer met die oog op geëkwaliteerde rekenmeesterskap, moet opsie A uitoefen (verwys na voorvereistes vir Studiekode 06580), terwyl ander studente opsie B mag uitoefen.

OPSIE A: Die volgende vier jaarmodules is verpligtend:

REK608	Rekeningkunde
AUD608	Ouditkunde
MAF608	Bestuursrekeningkunde en Finansies
BEL608	Belasting

OPSIE B: Kies enige drie jaarmodules (of ekwivalent) uit die volgende:

REK608	Rekeningkunde
AUD608	Ouditkunde
MAF608	Bestuursrekeningkunde en Finansies
BEL608	Belasting
of	
	'n Jaarmodule (of twee honneurs-semestermodules) in Ondernemingsbestuur, Rekenaarinligtingstelsels of Ekonomie soos goedgekeur deur die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding. Gebruik die betrokke modulekode.
plus	
REK691	'n Kort skripsie wat handel oor enige rekeningkundige onderwerp, onderhewig aan goedkeuring van die Programdirekteur, Rekenmeestersopleiding.

Voorvereistes

- B.Rek.-graad (of ekwivalent soos goedgekeur deur die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding), met dien verstande dat 'n gemiddelde van minstens 58% vir FIN308, ODT308, BLS308 en BRF308 (gesamentlik) behaal is.
- of
- B.Com. Hons. in Rekeningkunde (kyk na regulasie F27.6 Studiekode 6506) indien opsie A hierbo uitgeoefen is.

Kurrikulum

Die graad bestaan uit vier jaarmodules (of ekwivalent).

FIN608	Gevorderde Finansiële Rekeningkunde
BRF608	Gevorderde Bestuursrekeningkunde
BLS608	Gevorderde Belasting
ODT608	Gevorderde Ouditkunde
	of
	'n Jaarmodule (of twee honneurs-semestermodules) in Ondernemingsbestuur, Rekenaarinligtingstelsels of Ekonomie soos goedgekeur deur die Programdirekteurs: Rekenmeestersopleiding. Gebruik die betrokke modulekode.

Toeligting: *Toelating tot die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad/SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters.*

Indien minstens 50% in elk van die vier modules, nl. FIN608, BRF608, BLS608 en ODT608 gelyktydig in die eksamen behaal is, sal die student die reg verkry om bogemelde kwalifiserende eksamen af te lê. Akademiese Studentedienste sal die nodige verklaring oor die eksamenuitslae aan 'n student uitreik. 'n Student word, met die oog op toelating tot die kwalifiserende eksamen, tot 'n herassessering in een module toegelaat mits:

- minstens 40% in die bepaalde module verkry is
- en
- 'n gemiddelde van 50% in die vier modules behaal is.

Inligting

Temagerigte honneursgrade kan in die volgende multidisiplinêre rigtings behaal word:

Aktuariële Wetenskap

Bemarking

Voornemende studente moet skriftelik voor 30 November van die voorafgaande jaar by die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur aansoek doen alvorens hulle vir die graad registreer. Honneursmodules kan slegs geneem word met die toepaslike voorgaande modules as onderbou. (Kyk voorvereistes hierbo).

Kurrikulum

Die graad bestaan uit ses modules plus 'n kort skripsie. Al die keusemodules word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

Die temagerigte honneursgrade word soos volg saamgestel:

F30.1 B.Com.Hons.: Aktuariële Wetenskap
Studiekode 6505

Module	Semester 1	Semester 2
Stogastiese Prosesse	WKS 603	
Aktuariële Wiskunde		ATW 605
Finansiële Wiskunde en Ekonomie	ATW 609	
Skripsie*		
Keuse Module**		
Inleiding tot Ekonometrie	ECO 613	
Portefeuljebestuur		ECO 622
Bayes Analise	WKS 601	
Modellering van Ekstreemwaardes		MRA 705

* Skripsie/Projek: Gebruik die skripsiekode van die studieleier se departement

** Studente moet nog drie keusevakke neem.

F30.3	B.Com.Hons.: Bemarking	Studiekode 6504
	B.Econ.Hons.: Bemarking	Studiekode 6552
	B.P.L.Hons.: Bemarking	Studiekode 6531

Module	Semester 1	Semester 2
Strategiese Bemarkingsbestuur		OBS 621
Verbruikersgedrag	OBS 613	
Geïntegreerde Bemarkingskommunikasie*	BKO 713	BKO 713
Internasionale Bemarking		OBS 625
Skripsie	OBS 692	OBS 692
Dienstebestuur	OBS 614	
Internet Handel		OBS 624

* Studente wat vir BKO713 inskryf sonder voorgaadse onderbou in Bemarkingskommunikasie, moet by die Departement Kommunikasiekunde aanmeld om die nodige reëlins te tref.

B.Com. Honneurs in Rekenaarinligtingstelsels	Studiekode 6500
B.Com. Honneurs in Statistiek	Studiekode 6500
B.Com. Honneurs in Wiskunde	Studiekode 6500
B.Com. Honneurs in Landbou-ekonomie	Studiekode 6500

Verwys na die jaarboek van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe (Deel 3: Natuurwetenskappe: Nagraadse programme) vir meer inligting oor hierdie grade.

MAGISTERGRADE

Magistergrade gee aan die student wat reeds 'n baccalaureusgraad sowel as 'n honneursgraad behaal het, geleentheid om verder te studeer in 'n voorkeurrigting. Vir beroepsgerigte magistergrade soos 'n M.P.A.- of M.B.A.-graad is 'n honneursgraad nie noodwendig nodig nie.

Hoewel 'n baccalaureusgraad vir 'n student 'n soliede algemeen-vormende wetenskaplike basis gee en honneursstudie meer vakkundige verdieping, bied gevorderde nagraadse studie vir 'n magistergraad 'n besondere geleentheid vir vakkundige en wetenskaplike verdieping. Dit is ook die laaste stap voor 'n doktorsgraad (Ph.D.), die hoogste akademiese kwalifikasie.

Die volgende magistergrade word in die Fakulteit aangebied:

Graad	Min.jare van studie	Afkorting	Studie-kode
Magister Administrationis	1	M.Admin.	6711
Magister in Openbare Bestuur	1	M.Pub.	6771
Magister Commercii	1	M.Com.	6700
Magister Computationis	1	M.Compt.	6740
Magister Rekeningkunde	1	M.Rek.	6780
Magister Economiae*	1	M.Econ.	6750
Magister in Personeelleiding*	1	M.P.L.	6730
Magister in Ontwikkelingstudies	2	M.D.S.	6782
Magister in Publieke Administrasie	2	M.P.A.	6722
Magister in Besigheidsadministrasie	2	M.B.A.	6781
Magister Comerccii: Ekonomie	2	M.Com.	6794
Magister Comerccii: Ekonomiese Beleidsontleding	2	M.Com.	6795
Magister Comerccii: Toegepaste Ekonometrie	2	M.Com.	6796
Magister Comerccii: Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur	2	M.Com.	6797
Magister Comerccii: Geld- en Bankwese	2	M.Com.	6798

* Slegs vir studente wat B.Econ. (Hons) of B.P.L. (Hons) aan die UV of 'n ander universiteit behaal het.

Behalwe vir beroepsgerigte magistergrade soos 'n M.P.A.- of M.B.A.- graad, kan slegs die magistergraad wat ooreenstem met die naam van die kandidaat se voorafgaande baccalaureus- en honneursgraad geneem word. 'n Verdere uitsondering is gevalle waar 'n student weens 'n baie goeie rede en met spesiale toestemming in 'n nie-ooreenstemmende magistergraad geakkommodeer moet word (algemene regulasie A80).

Behalwe vir grade soos 'n MPA- of MBA- graad, word 'n magistergraad behaal in 'n bepaalde dissipline of vak. Anders as by die honneursgrade is hier dus nie temagerigte opsies nie. Kandidate met 'n temagerigte honneursgraad behoort 'n magistergraad in 'n gepaste dissipline te kan behaal, hoewel sekere bykomende modules of selfstudiemodules moontlik gedoen sal moet word.

'n Magistergraad kan op twee wyses behaal word:

- (a) 'n gedoseerde of module-opsie, bestaande uit vier, ses of meer modules (gewoonlik semestermodules, maar sommige ook jaarmodules) plus 'n skripsie of uitgebreide skripsie, of
- (b) 'n verhandeling.

Die gedoseerde opsie is slegs in sekere dissiplines beskikbaar, bv. Ekonomie, asook by die Magister in Publieke Administrasie (M.P.A.).

REGULASIES

Tensy anders aangedui, is die algemene regulasies ten opsigte van magistergrade van toepassing op magistergrade in hierdie Fakulteit.

TOELATING

Toelating geskied met toestemming van die betrokke departementele voorsitter in modules wat tot op derdejaarsvlak vir die B-graad aangebied is en waarin 'n honneursgraad verwerf is. In die geval van 'n temagerigte honneursgraad berus die besluit oor toelating ook by die departementele voorsitter van die vak waarin die magistergraad behaal wil word. Vir toelating tot die M.Compt.-, M.Rek.- en M.P.A.-grade, kyk regulasies F15.12 en F15.18.

Alle kandidate wat volgens die verhandelingsopsie geregistreer is moet in oorleg met die studieleier(s) minstens een publiseerbare artikel vir 'n goedgekeurde vakwetenskaplike tydskrif voorberei, voordat die verhandeling vir eksaminering ingedien word

Vervolgens die onderskeie vakrigtings waarin 'n magistergraad behaal kan word.

F31.1 Modules in ander Fakulteite Studiekode 6700

Vir magisterstudie in enige van:

Antropologie
Bedryfskommunikasie
Landbou-ekonomie
Politieke Wetenskap
Rekenaarinligtingstelsels
Sielkunde
Sosiologie
Statistiek
Wiskunde

Kyk in die Jaarboek van die betrokke Fakulteit vir die kurrikulum.

F31.2 BEDRYFSIELKUNDE
Studiekode 6700

Inligting

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter op grond van 'n bevredigende studierekord. Voornemende studente moet skriftelik by die departementele voorsitter aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Vorms is by die departementele voorsitter, departement Bedryfsielkunde, verkrygbaar. Toelating is ook onderhewig aan die voorlegging van 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel.

BSK700 'n Verhandeling. Die verhandeling moet bewys lewer dat die kandidaat in staat is om wetenskaplike navorsing te doen.

Inligting vir die Magister in Ekonomie (insluitend die spesialisering in Toegepaste Ekonometrie, Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur, Ekonomiese Beleidsontleding asook Geld- en Bankwese)

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter. Om toegelaat te word moet 'n student ten minste 'n gemiddeld van 65% in sy/haar honneursgraad behaal het. Verder moet 'n student wat die verhandelingsopsie (ECO700) wil voltooi, 'n gemiddeld van ten minste 65% in sy/haar honneursskripsie of publiseerbare verwante artikel (of ekwivalent) behaal het. Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Toelating tot die verhandeling-opsie (i) hieronder is onderhewig aan die voorlegging van 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel.

Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste vir alle opsies hieronder.

Verder moet studente wat vir enige van die onderstaande magistergrade wil inskryf, al die verpligte modules (of hul ekwivalente) van die ooreenstemmende honneursgraad voltooi het.

Waar 'n student 'n honneursgraad in een spesialiteitsveld wat in die departement aangebied word, voltooi het, maar hy/sy wens om met 'n magistergraad in 'n ander veld wat ook binne die departement aangebied word, voort te gaan, kan hy/sy dit alleen met die toestemming van die departementele voorsitter doen. Voor so 'n student kan inskryf moet hy/sy eers die verpligte modules (of ekwivalente) van die honneursgraad wat met die magistergraad waarvoor hulle wil inskryf, ooreenstem, voltooi.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Kurrikulum

Die verwerwing van die magister in Ekonomie, Toegepaste Ekonometrie, Finansiële Ekonomie en Portefeuljebestuur, Ekonomiese Beleidsontleding of Geld- en Bankwese kan, onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, geskied deur óf opsie (i) óf opsie (ii) hieronder te volg.

- i) ECO700 'n Verhandeling of ten minste 3 publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp, wat die resultaat van oorspronklike navorsing moet wees
- of
- ii) Vier modules (16 krediete elk) plus 'n uitgebreide skripsie of publiseerbare verwante artikels (64 krediete) oor 'n goedgekeurde onderwerp.

Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word en moet saamgestel word in ooreenstemming met die tabelle van die relevante grade hieronder uiteengeset. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Spesialiteitsveld:	Ekonomie
	Studiekode 6794

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie II	ECO711	
Toegepaste mikro-ekonomie en mededingingsbeleid		ECO721
	Een van die volgende:	
Uitgebreide skripsie in ekonomie	ECO791 (oor beide semesters)	
Publiseerbare verwante artikels in ekonomie	ECO781 (oor beide semesters)	

	Een van die volgende	
Internasionale monetêre betrekkinge	ECO712	
Gesondheidsekonomie	ECO713	
Arbeidsekonomie	ECO714	
Openbare ekonomie II (Openbare finansies)	ECO715	
Gevorderde ekonometrie	ECO716	
Capita Selecta	ECO717	
		Een van die volgende
Gevorderde tydreeks ekonometrie		ECO722
Deursnit- en paneeldata-ekonometrie		ECO723

Spesialiteitsveld: Toegepaste Ekonometrie
Studiekode 6796

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie II	ECO711	
Toegepaste mikro-ekonomie en mededingingsbeleid		ECO721
	Een van die volgende:	
Uitgebreide skripsie in toegepaste ekonometrie	ECO792 (oor beide semesters)	
Publiseerbare verwante artikels in toegepaste ekonometrie	ECO782 (oor beide semesters)	
	Een van die volgende	
Internasionale monetêre betrekkinge	ECO712	
Gesondheidsekonoomie	ECO713	

Arbeidseconomie	ECO714	
Openbare ekonomie II (Openbare finansies)	ECO715	
Gevorderde ekonometrie	ECO716	
Capita Selecta	ECO717	
		Een van die volgende
Gevorderde tydreeks ekonometrie		ECO722
Deursnit- en paneeldata-ekonometrie		ECO723

Spesialiteitsveld: Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur
Studiekode 6797

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie I	ECO711	
Lesings in beleggingsbestuur	ECO718	
Gevorderde tydreeks ekonometrie		ECO722
Afgeleide instrumente		ECO724
	Een van die volgende:	
Uitgebreide skripsie in finansiële ekonomie en beleggingsbestuur	ECO693 (oor beide semesters)	
Publiseerbare verwante artikels in finansiële ekonomie en beleggingsbestuur	ECO683 (oor beide semesters)	

Spesialiteitsveld: Ekonomiese Beleidsontleding
Studiekode 6795

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie II	ECO711	
Toegepaste mikro- ekonomie en mededingingsbeleid		ECO721
	Een van die volgende:	
Uitgebreide skripsie in ekonomiese beleidsanalise	ECO794 (oor beide semesters)	
Publiseerbare verwante artikels in ekonomiese beleidsanalise	ECO784 (oor beide semesters)	
	Een van die volgende	
Internasionale monetêre betrekkinge	ECO712	
Gesondheidsekonmie	ECO713	
Arbeidsekonomie	ECO714	
Openbare ekonomie II (Openbare finansies)	ECO715	
Capita Selecta	ECO717	
		Een van die volgende
Gevorderde tydreeks ekonometrie		ECO722
Deursnit- en paneeldata- ekonometrie		ECO723

Module	Semester 1	Semester 2
Makro-ekonomie II	ECO711	
Internasionale monetêre betrekkinge	ECO712	
Gevorderde tydreeks ekonometrie		ECO722
	Een van die volgende:	
Uitgebreide skripsie in geld- en bankwese	ECO795 (oor beide semesters)	
Publiseerbare verwante artikels in geld- en bankwese	ECO785 (oor beide semesters)	
		Een van die volgende:
Afgeleide instrumente		ECO724
Internasionale finansiering		ECO725

Gegewe die verandering in modulekodes geld die volgende ekwivalente modulekodes vanaf 2006:

Ou kode	Nuwe kode
EKN725	ECO711
GEB702	ECO712
EKN709	ECO713
EKN723	ECO714
EKN731	ECO715
EKN726	ECO716
EKN724	ECO717
EKN705	ECO721
EKN714	ECO722
EKN707	ECO723
GEB706	ECO725

GEB707	ECO724
EKN793	ECO791
	ECO792
	ECO793
	ECO794
	ECO795
	ECO781
	ECO782
	ECO783
	ECO784
	ECO785

F31.4	ONDERNEMINGSBESTUUR
	Studiekode 6700

Algemene inligting

Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad voordat hulle registreer. Aansoekvorms is beskikbaar by die departementele voorsitter, departement Ondernemingsbestuur. Die graad kan voltyds of deelyds gevolg word.

Kurrikulum

Vir die verwerwing van die magistergraad in Ondernemingsbestuur moet 'n kandidaat aan die volgende vereiste voldoen:

OBS700	'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer op oorspronklike navorsing in 'n Ondernemingsbestuursrigting.
--------	--

F31.5	OPENBARE BESTUUR (Publieke Administrasie) (M.Pub.) Studiekode 6771
--------------	---

Algemene inligting

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter. Om toegelaat te word moet 'n student ten minste 'n gemiddeld van 65% in sy/haar honneursgraad behaal het. Verder moet 'n student 65% in sy/haar honneursskripsie behaal het. Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Aansoekvorme is by die departementele voorsitter, departement Openbare Bestuur, beskikbaar.

Kurrikulum

Vir die verwerwing van die magistergraad in Openbare Bestuur moet 'n kandidaat aan die volgende vereiste voldoen:

PUB700	'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp uit die vakgebied van Openbare Bestuur.
--------	---

F31.6	REKENINGKUNDE (M.Com.) Studiekode 6700
--------------	---

REK791	'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer op oorspronklike navorsingswerk.
--------	---

F31.7	REKENINGKUNDE (M.Rek. / M.Compt.) Studiekode 6740
--------------	--

REK700	'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer op oorspronklike navorsingswerk
--------	--

Die Magister in Publieke Administrasie is 'n gevestigde beroepsgerigte na-graadse bestuurskwalifikasie gerig op hoëvlak bestuurswerk in die openbare sektor. Dit is bedoel vir gegradueerde persone wat nie noodwendig voorgraadse agtergrond in publieke administrasie of openbare bestuur het nie, maar wat wel in die openbare sektor of verwante areas relevante beroepservaring opgedoen het en wat hul bestuursvaardighede wil verbeter.

Toelating

Vir toelating tot die graad Magister in Publieke Administrasie moet 'n student minstens in besit wees van 'n baccalaureusgraad, 'n bevredigende akademiese rekord en beskik oor uitgebreide praktiese ervaring wat na oordeel van die Programdirekteur: Openbare Sektor Bestuur as voldoende geag word. Aansoekvorms is by die Programdirekteur beskikbaar.

(Kyk ook die Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie hieronder).

Tydsduur

